

Suid-Afrika Wêreldkampioene in Spesie Hengel



• Albert van Lingen

Suid-Afrika is weer die Wêreldkampioene in Spesie Hengel met 'n totaal van 602 vis met 'n gewig van 1759.650kg.

In 2008 is die eerste Wêreld Spesie Hengel gehou in Suid-Afrika en waar Suid-Afrika gewen het.

Spesie Hengel word oor 72 uur dag en nag gehengel en net karp van 1.5kg word ingeweeg.

Daar was gehengel vanaf 10 - 13 Februarie 2019. Dit het goed vir Suid-Afrika begin om as Wêreldkampioene die wêreldspele te wen. Daar was 24 lande teenwoordig te Bamboesspruit te Bloemhofdam. Daar was drie Sones A,B,C van 24 penne elk met twee hengelaars per pen. Omstandighede het dit baie moeilik gemaak met baie reën, donderweer en sterk winde.

A-sone is deur Suid-Afrika gewen deur GP Nel en Johan de Klerk met 252 vis met 'n gewig van 754.450kg.

B-sone is ook deur Suid-Afrika gewen deur Dean Pelser en Christopher Pelser met 233 vis met 'n gewig van 718.830 kg.

Totale vis gevang deur 72 hengelaars is 5 850 vis met 'n gewig van 16739.440kg.

In C-sone was Suid-Afrika ongelukkig. Pieter Greyling en Yasised Surtee wen met 117 vis met 'n gewig van 291.370kg.

Daar was 44 beamptes teenwoordig wat 9 ure aan diens was en 9 ure af. Vis is geweeg waar moontlik elke twee ure en dadelik vry-

gelaat.

Dit was 'n onvergeetlike ondervinding om daar te wees met soveel lande en tale.

Sedert 2008 was GP Nel en spanmaats al drie keer Wêreldkampioene.

Die totale uitslae is as volg: Gevolg deur land totale gewig (kg) en totale visse gevang.

1. Suid-Afrika, 1 759,650kg en 602 visse
2. Frankryk, 1 100,410kg en 356 visse
3. Roemenië, 1 007,300 kg en 367 visse

4. Australië, 946,810kg en 347 visse

5. Engeland, 1 065 080kg en 360 visse

6. Oekraïne, 1 032,140kg en 342 visse

7. Rusland, 792,100kg en 271 visse

8. Hongarye, 825,100kg en 287 visse

9. Bulgarye, 729,370kg en 261 visse

10. Kroatie, 1 000,540kg en 362 visse

11. Portugal, 612,390kg en 233 visse

12. Litawe, 779,380kg en 255 visse

13. Nieu-Seeland, 646,240kg en 240 visse

14. Italië, 634,440kg en 197 visse

15. Namibië, 593,720kg en 221 visse

16. Wallis, 463,600kg en 171 visse

17. Skotland, 493,660kg en 164 visse

18. Israel, 461,770 en 166 visse

19. Spanje, 417,390kg en 158 visse

20. Nederland, 346,670 en 122 visse

21. Oostenryk, 326,360kg en 115 visse

22. Switserland, 244,060kg en 86 visse

23. Bosnie-Herzegowina, 218,830kg en 89 visse

24. Belarus, 218,830kg en 78 visse



Erkenning: <http://www.oordnebo.co.za>

Ruiterklub open jaar op 'n hoë noot

Heilbron Ruiterklub het die nuwe jaar afgeskop met 'n rit wat aangebied was op 19 Januarie 2019, deur Ian en Hannelie Enslin, op hulle plaas Vriendschap, Petrus Steyn. Die Enslins het die ruiters bederf met 'n roete, wat hulle deur die pragtige Moot gebied geneem het. 12 Ruiters is halfpad gelaaf onder die koelte in 'n pragtige bos en bederf met lekker verversings.

Daar was ook genoeg geleentheid vir ruiter en perd om af te koel in die plaasdamme op hierdie interessante roete. Die dag is afgesluit met 'n heerlike braai en lekker saamkuier.

Die volgende rit word môre, 23 Februarie om 13:30 aangebied op Willow Glen deur Corné en Magda Van Der Merwe.



Wilge Hengel Nuus

Wilge hengelklub se tweede klub-kompetisie is gehou op 9 Februarie 2019 te Wilgedraai. Die uitslae is soos volg:

Juniors: Eerste - Dean Tolmay en tweede - Frans Louw.

Seniors: Eerste - Leon Louw, tweede - JD Claassen en derde - Sean Louw.

Dames: Eerste - Christa van Wyk en tweede - Marietjie Kleynhans.

Die volgende kompetisie vind plaas op 9 Maart. Dit val ook saam met ons deurnag kompetisie.

Vir meer inligting skakel GP Rossouw by 082 319 9472 of Derick Tolmay 084 586 9113.

Pizza Bust vir die week



Vanessa Lottering is 7 jaar werksaam by Sebokeng Fuels en sy is hierdie week se gelukkige werker wat met 'n heerlike pizza van Buffalo Valley Spur Heilbron bederf is. Op die foto is Portia Xaba, Vanessa Lottering en Jafta Mofokeng.

U EEN STOP WINKEL

BESIGHEIDSURE

Maandae tot Donderdae: 07:30 tot 17:00

- Vrydae: 07:30 tot 16:30
- Saterdag: 08:30 tot 13:00

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes, digitale drukwerk, wye formaat drukwerk, korporatiewe drag, geskenke, kantoormeubels, oorpakke, veiligheidsklere en -skoene, informele drag en vele meer.

Kontak ons gerus vir finke en vriendelike diens.

Herald

Elsstraat 44 • Heilbron

Tel: 058 852 3033

Faks: 058 853 0140

E-Pos:

heraldnuus@heilbron.co.za

Office National